

## Gereformeerde Kerk Bellville – 28 Augustus 2016 – Aand

### Sing vooraf staande: Psalm 42:6, 7 (p. 215)

- 6 HEER, my Rots, op U betrou ek.  
Waarom dan vergeet U my?  
Ganse dae en nagte rou ek  
onder druk en dwing'landy;  
want ek hoor die vyand spreek  
wat my met sy spot deursteeke,  
en my toeroep met veragting:  
"Waar 's die God van jou verwagting?"
- 7 O my siel, waarom onrustig?  
En wat buig jy jou in my?  
Waarom in Gods lof onlustig  
as dié spotstem jou bestry?  
Menigmaal het Hy jou druk  
laat verwissel in geluk.  
Hoop op God, in Hom weer rustig!  
In sy lof sal 'k my verlustig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

### Amen.

### Psalm 138:1, 4 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER,  
U loof en eer, u hoogheid huldig,  
en voor die gode, in psalmgeklank,  
U bring die dank, aan U verskuldig.  
Ek sal my neerbuig op u eis,  
na u paleis, die oog na bowe.  
En om u guns en waarheid saam,  
u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 4 As in my angs en teëspoed  
die krag en moed my wil begewe,  
as vyande van veglus brand,  
dan keer u hand en red my lewe.  
Die HEER is goed en wondersterk:  
Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.  
Laat my, o HEER wat my bewaar,  
tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

### Gebed

### Skrifberyming 14-3:1, 2

- 1 Versterk jul in die Heer se krag,  
die krag wat nooit, ja nooit, sal taan.  
Kom trek, gesterkdeur God se mag,  
sy volle wapenrusting aan.  
Jul sal so staande bly,  
ná elke veldslag vry.  
Jul kan teen Satan stry,  
sy sluwe lis bestry,  
in God se krag hom trou weerstaan.
- 2 Ons stryd is nie teen vlees en bloed,  
maar teen die sondemag berug.  
Ons stryd die stryd teen wat hier woed,

diie bose geeste in die lug.  
Beklee jul met die kleed wat God jul gee – en weet:  
ná stryd van onheilsdag  
sal jul nog staan op wag  
en nie oorwonne hoef te sug.

**Skriflesing:** Efesiërs 6:10-20; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, Artikel 11

**Kernvers:** Efesiërs 6:10-12, 18

**Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.**

**Terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges.**

(Efesiërs 6:10-12, 18 AFR53)

## **Dordtse Leerreëls**

### **Hoofstuk 5, Artikel 11**

*Voorts getuig die Skrif dat die gelowiges in hierdie lewe teen verskillende sondige vertwyfelings stry, en as hulle in ernstige versoekings kom, nie altyd hierdie volle geloofsvertroue en hierdie sekerheid van die volharding ondervind nie. Maar God die Vader van alle vertroosting laat nie toe dat hulle bo hulle kragte versoek word nie, maar gee saam met die versoeking ook die uitkoms (1 Kor 10:13), en deur die Heilige Gees maak Hy steeds weer die sekerheid van die volharding in hulle wakker.*

### **'n Verduideliking by artikel 11**

In artikel 9 en 10 bely ons dat gelowiges seker kan wees dat God hulle tot die saligheid sal bewaar en dat hulle in die geloof sal kan volhard tot die einde toe. Omdat God God is en sy woorde altyd die waarheid, kan ons seker wees dat wanneer Hy sê dat niemand ooit sy kinders uit sy hand sal ruk nie, dan is dit die waarheid. Daaraan hoef die gelowige nooit te twyfel nie. Paulus skryf dit dan ook so aan die Filippense: **Ek is veral ook daarvan oortuig dat God wat die goeie werk in julle begin het dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom** (Filippense 1:6 AFR83).

Om hierdie sekerheid nog vaster te maak, wys die Here ons met sy Woord daarop dat Hy sy kinders nie net in sy hand vashou nie. Deur die Heilige Gees is Hy intiem binne-in die gelowige besig sodat hy in die geloof kan bly volhard. In artikel 10 bely ons hoe die Heilige Gees hierdie sekerheid al hoe meer in die gelowige vestig. Hy wys die gelowige voortdurend op die vaste beloftes van God – beloftes wat in Jesus Christus vas en seker is en bly. Daarby bekragtig die Heilige Gees dit ook nog innerlik met sy eie getuienis aan die gelowige dat hy werklik 'n kind van God is en bly. En die Heilige Gees wys die gelowige hoe gewillig en bereid hy al geword het om vir die Here te lewe.

Met hierdie vaste bewyse wat die Here self gee oor die sekerheid sou 'n mens dink dat 'n gelowige elke dag hierdie sekerheid sou hê en behou. Maar dit is ongelukkig nie die geval nie. In ons belydenis erken ons ook die realiteit van hierdie lewe. Gelowiges word dikwels geteister met onsekerheid – die verskillende sondige vertwyfelings waarteen hulle moet stry. Die Here self getuig in die Skrif van hierdie vertwyfelings waarmee gelowiges te doen kry. Dink maar aan Asaf se woorde van twyfel in Psalm 73 en aan die twyfel waarmee Job geworstel het.

Alhoewel ons met die realiteit van twyfel by gelowiges rekening hou, moet ons nooit twyfel verheerlik asof dit 'n goeie ding sou wees nie. Dit is wat die dwaalleraars van die sestiende eeu gedoen het. Hulle het so ver gegaan om te sê dit is lofwaardig om te twyfel oor jou saligheid en volharding. Hierdie toejuiging van twyfel is nogsteeds lewendig. Julian Muller het in 2011 'n boek laat verskyn met die titel *Om te mag twyfel*. 'n Mens kry ook met mense te doen wat vir jou sal sê: Al waaroor hulle seker is, is dat hulle onseker is wanneer dit by geloofsake kom.

Die Skrif getuig dat gelowiges twyfel, maar twyfel word nooit opgehemel as iets goeds nie. Intendeel, Asaf en Job het albei na die tyd beseft en bely dat hulle sondig was deur te twyfel. Daarom praat ons in ons belydenis ook van sondige vertwyfelings.

Hoekom is twyfel sondig? Luister net hierna. God kom na die gelowige wat in sonde geval het en sê vir hom: My kind, Ek het my Seun gegee om vir jou sondes te betaal. Omdat ons weet wie en hoe God is, hoe moet 'n mens op hierdie woorde van die Here reageer? Sal dit reg wees as die mens antwoord: Ek weet nie of ek u woorde sommer net so kan aanvaar en glo nie, Here. Wie so antwoord betwyfel God self vir wie Hy is. Jy bevraagteken God se eerlikheid en opregtheid en genade. Daarom is twyfel sondig.

Ja, twyfel is regtig, maar dit is nie reg. Die gelowige is inderdaad swak en Satan is sterk en sy aanvalle is oorweldigend. Maar ook dit maak nie twyfel aanvaarbaar nie. Alhoewel vertwyfeling regtig kom, God bly altyd getrou aan Homself en sy Woord. Saam met die versoeking om te twyfel, gee God ook die uitkoms. Die Heilige Gees lei die gelowige weer terug na die vaste beloftes van God en verseël dit met die innerlike getuienis dat die gelowige regtig kind van die Here is, omdat God getrou is. Selfs in 'n mens se twyfel is die belangrikste nie hoe jy self voel nie. Die belangrikste is om te weet wie jou God is.

#### **Tema:** Hoe die gelowige teen sondige vertwyfelings kan stry

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die Here het vir ons die nagmaal ingestel sodat ons geloof daardeur versterk kan word. Elkeen wat gelowig deelgeneem het aan die nagmaal is deur Christus self verseker van sy liefde en dat hy tot die genadeverbond behoort. Dit wil sê, deur middel van die nagmaal word die gelowige verseker dat sy sonde skuld werklik deur Christus betaal is, net so seker as wat hy die brood en die wyn gesien en geproe het. En was dit nie weer versterkend om vanoggend te kon hoor dat die belofte van die evangelie ook vir jou geld nie? Ek is seker dit was vir jou versterkend. Dit gee 'n mens weer moed en krag om in die geloof te volhard.

Dit sou voorwaar aangenaam wees indien ons hierdie sekerheid wat ons aan die nagmaal gekry het, kon bly behou. As die sekerheid maar net elke dag van nou af sterker kan groei, sou dit nog beter wees. Maar elkeen van ons weet dit is nie hoe dit met ons elke dag gaan nie. Die Here getuig self in sy Woord dat gelowiges in hierdie lewe teen verskillende sondige vertwyfelings stry. Wanneer gelowiges in ernstige versoekings kom, ondervind hulle nie altyd hierdie volle geloofsvertroue en hierdie sekerheid dat hulle enduit in die geloof sal kan volhard nie.

Elke mens wat die Heilige Gees met die ware geloof in Christus ingelyf het en die weldade van Christus deur die geloof aanneem as sy eie, moet weet dat hy nou saam met God 'n gemeenskaplike vyand het – die duivel. En dit maak nie saak hoe lank jy al 'n gelowige is of watter belangrike werk die Here vir jou in sy diens gegee het nie, jy sal 'n teken van die duivel wees omdat Christus jou sy eiendom gemaak het. En die strategie wat die duivel dikwels gebruik is om twyfel te saai.

Ons kan nie twyfel verheerlik soos wat so baie dwaalleraars in die verlede en vandag nog doen nie. Maar 'n mens kan ook nie lewe en dink twyfel sal jou nooit beetpak nie. Dink maar net aan Johannes die Doper. Van hom sê Jesus self: **Voorwaar Ek sê vir julle, onder die wat uit vroue gebore is, het daar nie een opgestaan wat groter is as Johannes die Doper nie** (Matteus 11:11 AFR53).

Tog, toe Johannes in die tronk beland het nadat hy met soveel ywer en oorgawe gepreek en gedoop het, het die twyfel hom beet gepak. Hy van sy volgelingen na Jesus toe gestuur om te vra of Hy die Een is wat sou kom, of moet hulle 'n ander een verwag? (Matt 11:2-3). Johannes het verwag dat God se koninkryk sommer gou op die aarde gevestig raak toe die Heilige Gees Jesus as die Christus aangewys het. Maar dit het nie, want hy sit nou in die tronk. In plaas daarvan dat dit beter moes gaan, lyk dit vir Johannes asof dit net slegter gaan. Die koninkryk van God waarvan hy so vurig gepreek het en so duidelik in Jesus Christus in die wêreld ingebreek het, moes mos nou al duideliker en stewiger op die aarde gevestig wees. Maar nou lyk dit of die ryk van die duisternis weer die oorhand kry, want hy sit in die tronk en dit deur koning Herodes wat nie na die Woord van die Here wil luister nie.

Broers, susters en kinders, waar ons Drie-enige God opbou, probeer die duiwel angstig dit afbreek. Die brief aan die Efesiërs bring gelowiges op hoë hoogtes. Dit begin in die ewigheid waar God mense in Christus Jesus uitverkies het. Daar word verkondig hoe hierdie gelowiges deur die Heilige Gees beseël word as die eiendom van God. Dit is mense wat God onder Jesus Christus as hulle Hoof en Koning vergader – mense van verskillende volke omdat Hy een nuwe mensheid daar stel – mense wat Hom met oorgawe dien. Daar word ook verkondig wat is die praktiese implikasies hiervan – die Here vestig sy kerk wat groei tot volwassenheid in geloof, dit is mense wat in elke verhouding in eenheid en harmonie lewe. Wanneer al God se mense gehoorsaam doen soos wat in hierdie brief geleer word, kan dit nie beter gaan nie.

Maar die woorde in die gedeelte wat ons gelees het, bring ons terug in die realiteit van die lewe waarin ons nou nog is. Gelowiges word herinner aan die geestelike oorlog waarin hulle betrokke is omdat Christus hulle sy eiendom gemaak het. Hierdie oorlog is teen die duiwel en sy bose engele. Dit is nie maar net 'n skermutseling so nou en dan nie. Dit is 'n voortdurende oorlog wat eers eindig wanneer die gelowige sterf of wanneer Jesus Christus terugkom op die wolke van die hemel. Daarom, die woord wat ons met *eindelik* vertaal, kan net so goed vertaal word met *wat die toekoms betref* of *wat van nou af aan geld*. Die vrede wat God dus deur die kruis van Jesus Christus bewerk het, sal nou te midde van hierdie worstelstryd teen die bose en sy strategie beleef word.

Wie egter hierdie vyand van Christus en sy kerk gaan onderskat, sal dink dat hy nie die wapenrusting nodig het nie. Daarom moet ons goed oplet wat die Here vir ons hier openbaar. Tussen die oproep vir die gelowiges om hulle sterkte in die Here te vind en die uiteensetting van die wapenrusting van God, beskryf Paulus die afgryse magte waarteen die gelowiges te staan kom.

Heel eerste moet gelowiges weet dat hulle stryd nie vlees en bloed is nie. Dit wil sê, dit is nie 'n stryd teen mense wat gesien kan word nie – alhoewel mense dikwels 'n groot rol speel in die strategie van die kerk se vyand. Die oorlog waarin die gelowiges betrokke is, is teen owerhede en magte van die duisternis – dit is teen die duiwel en sy bose engele – goed wat ons nie met ons oë kan sien nie.

Die Christene in Efese het presies geweet van watter magte van die duisternis Paulus

praat. Hulle het hulle aan die werk gesien. Daar was die een voorval waar die sewe seuns van Skeva gedink het dat hulle ook booste geeste uit mense kan dryf. Hulle het dit selfs gewaag om dit in die Naam van Jesus te doen terwyl hulleself nie vir Jesus geken het nie. Die bose geeste wat in die man was het die man toe gebruik om hierdie seuns van Skeva beet te pak en hulle moes kaal en verpletterd uit die huis uitvlug (Hand 19:11-16). Baie van die Christene in Efese was ook voor hulle bekering in die okkulte en toorkunste betrokke. Maar toe hulle tot bekering en geloof in Jesus Christus gekom het, het hulle al hulle boeke wat met toordery verband hou verbrand (Hand 19:17-20).

Die magte van die duisternis was dus nie onbekend nie aan die Efesiërs nie. Sommige van hulle was vroeër self met hierdie magte van die duisternis deurmekaar. Maar as Christene moet hulle weet wat nou vir hulle voorlê. Daarom wys Paulus hulle op drie eienskappe van hierdie bose geeste in die lug.

Hy noem hulle owerhede en magte. Albei hierdie woorde laat ons dink aan goed wat krag het, wat selfs magtig is en invloed uitoefen. Hulle word selfs genoem wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu. Daarmee word nie gesê dat die duiwel en sy bose engele nie heersers op die aarde is nie. Daarmee word gewys hoe verwaand en arrogant die duiwel is. Hulle wurm hulleself in en dink hulle het die mag op die aarde. Daarom het Satan selfs sover gegaan om vir Jesus die koninkryke van die wêreld aangebied. Die eerste eienskap van hierdie magte van die duisternis is dat hulle kragtig en selfs magtig is.

Hierdie magte waarteen die gelowiges stry is ook boos. 'n Krag is opsigself neutraal en dit kan gebruik of misbruik word. In hulle boosheid gebruik die bose engele hulle krag om af te breek wat die Here opbou. Waar Christus die skeidsmuur tussen die gelowiges uit verskillende volke afbreek om een nuwe mensheid te vorm wat deur sy Gees gelei word, bring die duiwel weer verwydering en onmin. Waar die Heilige Gees eenheid en harmonie in die verhoudings tussen gelowiges in huwelike en gesinne vestig, bring die duiwel wantroue en agterdog in. In oorloë tussen mense is daar nog ooreenkomste oor watter soort wapens ontoelaatbaar is. Die duiwel steur hom nie aan so iets nie. Hy gebruik enigiets om sy duiwelse doel te bereik.

En dan is die duiwel en sy bose engele ook nog listig. Hierdie bose magte val die gelowige nie direk aan nie. Dit is altyd so 'n agteraf en onderduimse manier van twyfel saai. 'n Gelowige doen byvoorbeeld 'n sonde. Dan is die duiwel gou by om hom te laat verstaan dat die Here hom nie meer kan vergewe nie. Naderhand begin die gelowige twyfel of hy ooit regtig 'n gelowige was. En as die gelowige eers aan die twyfel is oor die Here se genade en trou dan gebruik die bose magte juis daardie twyfel om die gelowige nog verder moedeloos en mistroostig te maak. Die duiwel laat die gelowige verstaan dat as hy regtig 'n gelowige was sou hy mos nie getwyfel het nie. Uiteindelik oorweldig ang en troosteloosheid die gelowige.

Geen gelowige kan alleen staande bly teen sulke magtige, bose en agterbakse vyande nie. Gelowiges het in hulle self eenvoudig nie die krag vir hierdie oorlog waarin hulle betrek word nie. Buitendien dra elke gelowige nog in homself die sondige natuur wat graag met die vyand heul en daarom maklik die Here en sy troue genade sal betwyfel. Hoe kan die gelowige dan teen hierdie sondige vertwyfelings stry en enduit op sy pos bly staan?

Slegs die krag van God kan gelowiges verdedig en verlos van die duiwelse magte. Dit is waar, die duiwel en sy bose engele is baie magtig, maar ons God is almagtig. Van watter krag van God word hier gepraat? Dit is die krag waarmee Hy Jesus Christus uit die dood

opgewek het en Hom opgehef het tot aan sy regterhand. Dit is ook met hierdie krag waarmee Hy die sondaar uit die dood van die sonde opwek in die nuwe lewe saam met Christus. Wanneer Paulus die gelowiges aanspoor om kragtig te word in die Here en in die krag van sy sterkte, gebruik hy presies dieselfde drie woorde as wat hy gebruik het toe hy gesê het hoe God sy Seun uit die dood opgewek het (Efes 1:19).

Dit is ook waar dat hierdie magte van die duisternis goed is wat die gelowiges nie met hulle oë kan sien nie. Die versoekings kom nie altyd met 'n groot lawaai aangestorm sodat jy weet jy moet padgee nie, want die duiwel is agterbaks. Met die versoeking gaan hy twyfel kom saai en voor jy jou kan kry, pak die twyfel jou beet. Maar ons weet ook dat Jesus Christus die magte van die duisternis aan die kruis oorwin het. En deur sy opstanding heen het die Vader aan Hom alle mag in die hemel en op die aarde gegee. Christus regeer dus ook oor hierdie magte wat nie gesien kan word nie. Hulle kan niks doen aan 'n gelowige nie, as die Here hulle nie toelaat nie.

In ons kernverse staan daar twee opdragte langs mekaar. Die eerste een is algemeen: **Word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte** (Efesiërs 6:10 AFR53).

Die tweede een is meer spesifiek: **Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel** (Efesiërs 6:11 AFR53).

Albei hierdie opdragte druk die duidelike balans aan wat in die Skrif geleer word. Daar is Christene wat so vol selfvertroue is dat hulle dink hulle kan sonder die krag van die Here en sonder sy wapenrusting regkom in hierdie geestelike oorlog. Daar is weer ander Christene wat so minderwaardig voel dat hulle dink hulle kan niks bydra tot die oorwinning in hierdie geestelike oorlog nie. Albei hierdie rigtings is verkeerd, want ons hoor in hierdie twee verse van God se bemagtiging en van die gelowige se verantwoordelikheid.

Die krag wat die gelowige nodig het, is inderdaad die Here se krag. Sonder hierdie krag sal die gelowige nie kan stry teen die vertwyfelings nie. Dus moet die gelowige versterk word. Maar die Here gee nie sommer maar net die krag aan hom nie. Hier kom die verantwoordelikheid van die gelowige in. Hy moet die volle wapenrusting van die Here aantrek. Die gelowige put uit die krag van die Here deur besig te wees met die Woord van die Here en deur aanhoudend te bid dat die Heilige Gees hom sal versterk. Daarom is Bybelstudie en gebed nie iets opsioneel vir die Christen maar uiters belangrik. Deur sy Gees en met sy Woord wil die Here sy kinders versterk om staande te kan bly. Dit is immers in die Woord waar ons die vaste beloftes van die Here hoor dat Hy sy kinders enduit sal bewaar. En dit is deur middel van die Woord wat die Heilige Gees weer die sekerheid van die volharding in die gelowige opwek.

Die Here weet hoe swak elkeen van sy kinders is. Daarom laat Hy nie toe dat hulle bo hulle kragte versoek word nie. Die duiwel en sy bese engele kan slegs sover gaan as wat die Here hulle aan die ketting toelaat waarmee hulle vas is. Terselfdertyd gee die Here ook die uitkoms – Hy gee sy Woord en Gees sodat die gelowige versterk kan word in die krag van die Here deur die volle wapenrusting aan te trek. Laat elke gelowige homself dan gereedmaak met die middele wat die Here gee, sodat hulle sterk kan wees wanneer die versoeking kom.

**Amen!**

Slotgebed  
Skrifberyming 14-3:3, 4

- 3 Staan altyd onbeweeglik vas,  
omgord met waarheid, onbevrees;  
geregtigheid as borsharnas  
– laat Woorddiens julle skoene wees!  
As skild neem die geloof  
om brandpyl uit te doof,  
verlossing om te weer,  
om vir die kop te keer,  
En neem die Woordswaard van die Gees.
- 4 Stry altyd biddend deur die Gees,  
terwyl jul God van harte smeek.  
Volhard en laat jul bede wees  
vir heiliges in elke streek.  
En bid dat God se Woord  
gepreek word soos dit hoort,  
geheimenisse soet  
vrymoedig en met moed  
nou kragtig uit my boeie breek!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
28 Augustus 2016